

1 September

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:3-4

Uitgedink en uitgekies voor die skepping

In hierdie lofsang klink 'n geweldige stuk verwondering: dat God só met ons gehandel het! Byna ongelooflik. Op geen enkele manier het ons dit verdien nie. Alle lof aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus vir al sy seëninge.

Hierdie lied skep die indruk van 'n kleurvolle, weelderige tuin. So 'n tuin kan jy op verskillende maniere bekyk. 'n Botanis sal dit sistematies doen, van boom tot boom, van struik tot struik, van plant tot plant, en vasstel: hierdie plant se naam is dit, en daardie een kom van daar. Vir gewone mense is alles maar plante en blomme. Hulle het genoeg aan die wonderlike skouspel van kleur en verskeidenheid.

Die sfeer van ons fokusgedeelte kan elkeen maklik belewe: híér heers louter vreugde! In Christus uitverkies van ewigheid af. Dit is God se eerste seën, en grootste. Al die ander kom hieruit voort: kindskap van God, vergewing van sondes, heiligmaking, lidmaatskap van God se volk, God se versorging en liefde. Dit alles het Christus vir jou verdien en is onvervreembaar joune! Dit is die hart van God se heilsplan. Jy is geestelik ryk, skatryk!

Net maar 'n droom? Nee, die vreemde, verre gebeurtenis kom ineens baie naby. Deur die bloed van sy Seun is ons verlos (vs 7). Bloed – dit beteken sterwe, en sterwe vind híér plaas, op die aarde waar ons lewe, in die tyd. Op Golgota, aan 'n kruis, sterwe Jesus vir ons verlossing.

Wat is die doel van God se heilsplan? Om voor Hom te wees (vs 4). Dit wil sê: vlak by Hom. Voor sy aangesig, so naby Hom dat ons oogkontak kan hê. Om God se geestelike seëninge te ontvang en om ewig as kind van God te lewe. "Here, help my om dit werklik te glo."

Sing: Skrifberyming 1-1:7

Prof. F (Faan) Denkema (Emeritus)